



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**DRAMATIESE KUNSTE**

**NOVEMBER 2019**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:
- |  |      |
|--|------|
| AFDELING A: 20 <sup>ste</sup> -eeuse Teaterbewegings                     | (30) |
| AFDELING B: Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994                            | (40) |
| AFDELING C: Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr                  | (40) |
| AFDELING D: Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A****VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**

Verwys na die toneeltekste wat jy bestudeer het en die betrokke 20<sup>ste</sup>-eeuse Teaterbeweging.

**EPIESE TEATER**

- |                                      |   |
|--------------------------------------|---|
| • <i>Caucasian Chalk Circle</i>      | Bertolt Brecht                            |
| • <i>Kaukasiese Krytsirkel</i>       | Vertaling van Bertolt Brecht-toneeltekste |
| • <i>Mother Courage</i>              | Bertolt Brecht                            |
| • <i>Moeder Courage</i>              | Vertaling van Bertolt Brecht-toneeltekste |
| • <i>The Good Person of Szechwan</i> | Bertolt Brecht                            |
| • <i>Kanna Hy Kô Hystoe</i>          | Adam Small                                |

**OF****TEATER VAN DIE ABSURDE**

- |                                 |   |
|---------------------------------|---|
| • <i>Waiting for Godot</i>      | Samuel Beckett                            |
| • <i>Afspraak met Godot</i>     | Vertaling van Samuel Beckett-toneeltekste |
| • <i>Bagasie</i>                | André P Brink                             |
| • <i>The Bald Primadonna</i>    | Eugene Ionesco                            |
| • <i>Die Kaalkop Primadonna</i> | Vertaling van Eugene Ionesco-toneeltekste |

**OF****POSTMODERNE TEATER**

- |                       |                 |
|-----------------------|-----------------|
| • <i>Skrapnel</i>     | Willem Anker    |
| • <i>Top Girls</i>    | Carol Churchill |
| • <i>Popcorn</i>      | Ben Elton       |
| • <i>Buried Child</i> | Sam Shepard     |

3. **AFDELING B**

Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 2: *Woza Albert!* Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**

VRAAG 3: *Sophiatown* Junction Avenue Teater Company **OF**

VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* PG du Plessis

4. **AFDELING C**

Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 5: *Nothing but the Truth* John Kani **OF**

VRAAG 6: *Groundswell* Ian Bruce **OF**

VRAAG 7: *Mis* Reza de Wet

5. **AFDELING D**

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae (VRAAG 8 en VRAAG 9). Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**AFDELING A: 20<sup>ste</sup>-EEUSE TEATERBEWEGINGS**

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**

[Bron: <https://www.vectorstock.com/royalty-free-vector/vraag-mark-vector-972076>]

**Wonderlike teater gee ons nie altyd  
al die antwoorde nie.**

**Dit gee ons soms slegs die vrae.**

Bespreek, in 'n opstel, hoe die stelling in BRON A in die toneeltekste en die 20<sup>ste</sup>-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het, ondersoek word, asook die relevansie daarvan vir ons lewens in die 21<sup>ste</sup> eeu.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Voorbeelde van vrae wat deur die dramaturg in die toneeltekste gevra word oor die sosiopolitieke konteks, die lewe en menslikheid
- Temas, karakters of taal in die toneeltekste wat jou bespreking ondersteun
- Die 20<sup>ste</sup>-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) en die vrae wat daardeur ontstaan het

Skryf die titel/naam van die toneeltekste en die 20<sup>ste</sup>-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het, aan die begin van jou opstel neer.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**

Teater is 'n lewende, aktiewe, kollaboratiewe (samewerkende) kunsvorm. Vir my beteken dit dat elke produksie anders is, hang af wie daaraan werk. Dit verander ook, afhangend van die gehoor in die vertrek. Dit is wat teater kragtig en onvergeetlik maak.

[Bron: American Theatre, 22 Mei 2017]

Verbeel jou jy is 'n regisseur. Nadat jy die aanhaling in BRON B gelees het, is jy geïnspireer om toneeluittreksels uit die toneeltekste van *Woza Albert!* op te voer vir die toneelfees van 'n plaaslike skool wat in Julie 2020 sal plaasvind.

- 2.1 Met verwysing na *Woza Albert!*, stel voor waarom teater as 'n 'kollaboratiewe (samewerkende) kunsvorm' beskou kan word. (4)
- 2.2 Verduidelik waarom jy dink *Woza Albert!* 'n goeie keuse vir skole se toneelfees kan wees. (4)
- 2.3 Noem en motiveer die toneelspelvaardighede wat jy van akteurs sal verwag wat vir die produksie oudisies doen. (6)
- 2.4 Fokus op EEN toneel in die toneeltekste.  
Verduidelik aan die akteurs aan wie jy rolle in jou produksie toegeken het, wat die geskikte toneelspelstyl sal wees om die toneel wat jy gekies het, op te voer. (4)
- 2.5 Evalueer hoe enige TWEE insidente in die toneelstuk verskillende reaksies kan uitlok, afhangend van verskillende gehore se ervaring. (8)
- 2.6 Stel aan die feesorganiseerders voor hoe die opvoerruimte kreatief gebruik kan word om die styl van die toneelstuk te beklemtoon. (4)
- 2.7 Bespreek hoe jy die **slot** van die toneelstuk sal regisseur om 'n 'kragtig(e) en onvergeetlik(e)' oomblik vir die gehoor by die fees te skep. Noem spesifieke produksie- en opvoerelemente in jou antwoord. (10)

**[40]**

**VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**

Teater is 'n lewende, aktiewe, kollaboratiewe (samewerkende) kunsvorm. Vir my beteken dit dat elke produksie anders is, hang af wie daaraan werk. Dit verander ook, afhangend van die gehoor in die vertrek. Dit is wat teater kragtig en onvergeetlik maak.

[Bron: American Theatre, 22 Mei 2017]

Verbeel jou jy is 'n regisseur. Nadat jy die aanhaling in BRON C gelees het, is jy geïnspireer om toneeluittreksels uit die toneeltekste van *Sophiatown* op te voer vir die toneelfees van 'n plaaslike skool wat in Julie 2020 sal plaasvind.

- 3.1 Met verwysing na *Sophiatown*, stel voor waarom teater as 'n 'kollaboratiewe (samewerkende) kunsvorm' beskou kan word. (4)
- 3.2 Verduidelik waarom jy dink *Sophiatown* 'n goeie keuse vir skole se toneelfees kan wees. (4)
- 3.3 Noem en motiveer die toneelspelvaardighede wat jy van akteurs sal verwag wat vir die produksie oudisies doen. (6)
- 3.4 Fokus op EEN toneel in die toneelstuk.
- Verduidelik aan die akteurs aan wie jy rolle in jou produksie toegeken het, wat die geskikte toneelspelstyl sal wees om die toneel wat jy gekies het, op te voer. (4)
- 3.5 Evalueer hoe enige TWEE insidente in die toneelstuk verskillende reaksies kan veroorsaak afhangend van verskillende gehore se ervaring. (8)
- 3.6 Stel aan die feesorganiseerders voor hoe die opvoerruimte kreatief gebruik kan word om die styl van die toneelstuk te beklemtoon. (4)
- 3.7 Bespreek hoe jy die **slot** van die toneelstuk sal regisseer om 'n 'kragtig(e) en onvergeetlik(e)' oomblik vir die gehoor by die fees te skep. Noem spesifieke produksie- en opvoerelemente in jou antwoord. (10)
- [40]**

**VRAAG 4: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**

Teater is 'n lewende, aktiewe, kollaboratiewe (samewerkende) kunsvorm. Vir my beteken dit dat elke produksie anders is, hang af wie daaraan werk. Dit verander ook, afhangend van die gehoor in die vertrek. Dit is wat teater kragtig en onvergeetlik maak.

[Bron: American Theatre, 22 Mei 2017]

Verbeeld jou jy is 'n regisseur. Nadat jy die aanhaling in BRON D gelees het, is jy geïnspireer om toneeluittreksels uit die toneeltekste van *Siener in die Suburbs* op te voer vir die toneelfees van 'n plaaslike skool wat in Julie 2020 sal plaasvind.

- 4.1 Met verwysing na *Siener in die Suburbs*, stel voor waarom teater as 'n 'kollaboratiewe (samewerkende) kunsvorm' beskou kan word. (4)
- 4.2 Verduidelik waarom jy dink *Siener in die Suburbs* 'n goeie keuse vir skole se toneelfees kan wees. (4)
- 4.3 Noem en motiveer die toneelspelvaardighede wat jy van akteurs sal verwag wat vir die produksie oudisies doen. (6)
- 4.4 Kies EEN toneel in die toneelstuk.
- Verduidelik aan die akteurs aan wie jy rolle in jou produksie toegeken het, wat die geskikte toneelspelstyl sal wees om die toneel wat jy gekies het, op te voer. (4)
- 4.5 Evalueer hoe enige TWEE insidente in die toneelstuk verskillende reaksies kan veroorsaak afhangend van verskillende gehore se ervaring. (8)
- 4.6 Stel aan die feesorganiseerders voor hoe die opvoerruimte kreatief gebruik kan word om die styl van die toneelstuk te beklemtoon. (4)
- 4.7 Bespreek hoe jy die **slot** van die toneelstuk sal regisseer om 'n 'kragtig(e) en onvergeetlik(e)' oomblik vir die gehoor by die fees te skep. Noem spesifieke produksie- en opvoerelemente in jou antwoord. (10)

**[40]****TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 5: NOTHING BUT THE TRUTH DEUR JOHN KANI**

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**

***Nothing but the Truth***  
deur John Kani

**Sinopsis**


*Nothing but the Truth* speel af in 'n Suid-Afrikaanse township. Dit vertel die verhaal van Sipho en Thando wat wag vir die koms van die liggaam van Sipho se oorlede broer, Themba. Themba se dogter, Mandisa, daag op met haar vader se as. Die koms van die as verskaf 'n katalisator vir die onthulling van geheime uit die verlede.

**Kommentaar deur die Rolverdeling**

'Dis 'n droom wat bewaarheid word om deel van hierdie spesiale produksie te wees. Saam met ons regisseur het ons probeer om die essensie van hierdie meesterstuk vas te vang.'  
– Alex

'Deur 'n ondersoek van die realistiese elemente glo ons dat die opvoerings waar en opreg is. Dankie Stanislavski.'  
– Boipelo

'Realisme op sy beste.'  
– Dorothy

**Teaterprogram****Dramatis Personae & Rolverdeling**

Sipho Makhaya – Alex Hadebe  
Thando Makhaya – Boipelo Tseou  
Mandisa Mckay – Dorothy Aver

**Regisseur – Patricia Skosana**

**Programnota**

Dit is 'n toneelstuk wat in die genre van Teater vir Versoening val. Dit is anders as Protesteater of Teater van die Stryd. Kani se teks is steeds relevant en die kwessies wat uitgelig word, is steeds net so toepaslik soos wat dit meer as 'n dekade gelede was. Dit is teater wat die persoonlike saam met die politieke weef om albei op 'n baie dieper en meer betekenisvolle vlak te bring.

Jou klas het onlangs 'n produksie van *Nothing but the Truth* by julle plaaslike teater bygewoon. Jy het 'n kopie van die teaterprogram by BRON E ontvang.

- 5.1 Definieer die volgende terme wat in die program gebruik is:
- Sinopsis (1)
  - Rolverdeling (1)
  - Teks (1)
  - Regisseur (1)
- 5.2 Verwys na die sinopsis in die programnota by BRON E.
- Motiveer of jy met die beskrywing van die Makhaya-familie as 'n 'familie in krisis' saamstem of nie.
- Verwys na die karakters in jou antwoord. (6)
- 5.3 Stel voor waarom die toneelstuk as Realisme beskryf word met verwysing na die kostuums en onderwerpmateriaal. (6)
- 5.4 Verduidelik hoe enige van die akteurs in die rolverdeling VIER tegnieke van Stanislavski' se Sisteem/Metode kan gebruik om 'n opvoering te skep wat 'waar en opreg' is.
- Verwys na voorbeelde of oomblikke in die toneelstuk om jou antwoord te motiveer. (8)
- 5.5 Evalueer waarom die dekorstel en opvoerruimte wat in die prentjie op die program uitgebeeld word, vir 'n produksie van die toneelstuk geskik is. (6)
- 5.6 Bespreek waarom *Nothing but the Truth* 'n doeltreffende titel vir die toneelstuk is. Verwys na gebeure en karakters in die teks. (10)

**[40]**



**VRAAG 6: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F****Groundswell** deur Ian Bruce**Sinopsis**

In 'n strandgastehuis aan die onreëlmatige kus van westelike Suid-Afrika, sweer twee mans saam om hulle enigste gas te oortuig om in hulle diamantmynskema te belê. Die drie mans bevind hulleself in 'n magstryd wat deur gierigheid en desperaatheid aangevuur word en sal enigiets doen om 'n kans op 'n beter lewe te verseker.

**Kommentaar deur die Rolverdeling**

'Dis 'n droom wat bewaarheid word om deel van hierdie spesiale produksie te wees. Saam met ons regisseur het ons probeer om die essensie van hierdie meesterstuk vas te vang.' – Kabu

'Deur 'n ondersoek van die realistiese elemente glo ons dat die opvoerings waar en opreg is. Dankie Stanislavski.' – Stefan

'Realisme op sy beste.' – Wilbur

**Teaterprogram****Dramatis Personae & Rolverdeling**

Thami – Kabu Ngwenya  
Johan – Stefan Jordaan  
Smith – Wilbur Lucas

**Regisseur – Sophia Rasmeni**

**Programnota**

Daar is nog geen antwoord op die vraag oor wie 'n Afrikaan is nie. Kan wit mense deur swart mense as Afrikane aanvaar word? Die nalatenskap van verdeling – kultureel, sosiaal, geografies, sielkundig – bly voortbestaan. Dit wakker 'n vloedgolf van woede, verlies aan identiteit, hoop en vooroordeel aan wat aanhou om ons alledaagse omgang te versteur. Die teks bevat magstryd en persoonlike konflik. Ten opsigte hiervan beoordeel *Groundswell* nie, dit sê dinge soos wat dit is.

Jou klas het onlangs 'n produksie van *Groundswell* by julle plaaslike teater bygewoon. Jy het 'n kopie van die teaterprogram by BRON F ontvang.

- 6.1 Definieer die volgende terme wat in die program gebruik is:
- Sinopsis (1)
  - Rolverdeling (1)
  - Teks (1)
  - Regisseur (1)
- 6.2 Verwys na die sinopsis in die programnota by BRON F.
- Motiveer of jy met die beskrywing van die 'drie mans bevind hulleself in 'n magstryd' saamstem of nie.
- Verwys na die karakters in jou antwoord. (6)
- 6.3 Stel voor waarom die toneelstuk as Realisme beskryf word met verwysing na die kostuums en onderwerpmateriaal. (6)
- 6.4 Verduidelik hoe enige van die akteurs in die rolverdeling VIER tegnieke van Stanislavski' se Sisteem/Metode kan gebruik om 'n opvoering te skep wat 'waar en opreg' is.
- Verwys na voorbeelde of oomblikke in die toneelstuk om jou antwoord te motiveer. (8)
- 6.5 Evalueer waarom die dekorstel en opvoerruimte wat in die prentjie op die program uitgebeeld word, vir 'n produksie van die toneelstuk geskik is. (6)
- 6.6 Bespreek waarom *Groundswell* 'n doeltreffende titel vir hierdie toneelstuk is. Verwys na karakters en gebeure in die teks (10)

**[40]**

**VRAAG 7: MIS DEUR REZA DE WET**

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G**

<p style="text-align: center;"><b>Mis</b> deur Reza de Wet</p> <p style="text-align: center;">  <b>Sinopsis</b>  </p> <p>Die magies-realistiese toneelstuk, <i>Mis</i>, handel oor 'n dogter se ontsnapping aan haar wanfunksionele, landelike gesin. Dit plaas vroue wat vasgevang en bang is onder die soeklig en ondersoek hoe ver vrees hulle kan neem.</p> <p style="text-align: center;"><b>Kommentaar deur die Rolverdeling</b></p> <p>'Dis 'n droom wat bewaarheid word om deel van hierdie spesiale produksie te wees. Saam met ons regisseur het ons probeer om die essensie van hierdie meesterstuk vas te vang.' – Karien</p> <p>'Deur 'n ondersoek van die realistiese elemente glo ons dat die opvoerings waar en opreg is. Dankie Stanislavski.' – Trienie</p> <p>'Realisme op sy beste.' – Rushana</p> <p style="text-align: center;">  </p>	<h2 style="text-align: center;">Teaterprogram</h2>  <p style="text-align: center;"><b>Dramatis Personae &amp; Rolverdeling</b></p> <p style="text-align: center;">     Miem – Karien van Jaarsveld      Meisie – Trienie du Toit      Gertie – Rushana Flank      Konstabel – Michael Slater   </p> <p style="text-align: center;"><b>Regisseur – Darren Noels</b></p> <p style="text-align: center;"><b>Programnota</b></p> <p>Hierdie teks het my van die begin af aangegryp – die beelde en woorde wat deur Reza de Wet opgetower is, het my onmiddellik aangetrek. Vroue wat vasgevang, bang of vermis is, is nie net op een besondere gemeenskap van toepassing nie. Dit hou verband met die meeste gemeenskappe in hierdie land en baie ander lande in die wêreld. So, ek kon dit universeel maak en dit is baie opwindend vir my.</p>
---	---

Jou klas het onlangs 'n produksie van *Mis* by julle plaaslike teater bygewoon. Jy het 'n kopie van die teaterprogram by BRON G ontvang.

7.1 Definieer die volgende terme wat in die program gebruik is:

- Sinopsis (1)
- Rolverdeling (1)
- Teks (1)
- Regisseur (1)

- 7.2 Verwys na die sinopsis in die programnota by BRON G.  
Motiveer of jy met die beskrywing van die gesin as 'wanfunksioneel' saamstem of nie.  
Verwys na die karakters in jou antwoord. (6)
- 7.3 Stel voor waarom die toneelstuk as Realisme beskryf word met verwysing na die kostuums en onderwerpmateriaal. (6)
- 7.4 Verduidelik hoe enige van die akteurs in die rolverdeling VIER tegnieke van Stanislavski' se Sisteem/Metode kan gebruik om 'n opvoering te skep wat 'waar en opreg' is.  
Verwys na voorbeelde of oomblikke in die toneelstuk om jou antwoord te motiveer. (8)
- 7.5 Evalueer waarom die dekorstel en opvoerruimte wat in die prentjie op die program uitgebeeld word, vir 'n produksie van die toneelstuk geskik is. (6)
- 7.6 Bespreek waarom *Mis* 'n doeltreffende titel vir hierdie toneelstuk is. Verwys na die verskillende interpretasies van die woord 'mis' en die temas. (10)  
**[40]**
- TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE****Beantwoord óf VRAAG 8 óf VRAAG 9.****VRAAG 8: OUDISIEPROGRAM OF TEMAPROGRAM**

Jy het jou finale opvoeringseksamen (oudisieprogram OF temaprogram) gedoen.

Gee die graad 12-Dramatiese Kunste-leerders van volgende jaar raad oor hoe om vir 'n suksesvolle opvoeringseksamen te beplan.

- 8.1 Noem VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer dramatiese items (stukke) vir 'n opvoering gekies word. (4)
- 8.2 Stel TWEE voordele van gereelde repetisies voor. (2)
- 8.3 Analiseer TWEE uitdagings om in 'n groep te werk. (4)
- 8.4 Verskaf praktiese wenke wat volgende jaar se graad 12-leerders sal help om vir die dag van hulle finale praktiese eksamen voor te berei om 'n suksesvolle optrede te verseker. (6)
- 8.5 Bespreek hoe die beginsels van die teaterpraktisyn, Jerzy Grotowski, jou begrip en ondervinding van praktiese werk beïnvloed het. Gee voorbeelde om jou antwoord te motiveer. (8)
- 8.6 Daar is deesdae 'n hele aantal innoverende vorms van vermaak beskikbaar. Dit sluit in YouTube-video's, Straatteater, rekenaarspeletjies, films (op TV/Netflix of in die rolprentteater), ens.
- Kies enige EEN van hierdie vorms wat jou aantrek en lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die dramatiese vaardighede en tegnieke wat gebruik is. (8)
- 8.7 Bespreek die uitdagings wat sommige leerders kan ervaar om toegang te kry tot drama- en teaterproduksies, en hoe die beskikbaarheid van tegnologie (selfone, slimfone, die internet, ens.) kan help om hierdie uitdagings te oorkom om te verseker dat almal na dramaproduksies kan kyk. (8)
- [40]**

**OF**

**VRAAG 9: TEGNIESE TEATERPROGRAM**

Jy het jou finale tegniese teaterprogram-eksamen (stelontwerp OF verhoogbestuur OF filmwerk OF regisseurwerk) gedoen.

Gee die graad 12-Dramatiese Kunste-leerders van volgende jaar raad oor hoe om vir 'n suksesvolle tegniese teaterprogram te beplan.

- 9.1 Noem VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer een van die tegniese teaterprogramopsies vir jou finale praktiese eksamen gekies word. (4)
- 9.2 Stel TWEE voordele van gereelde repetisies voor. (2)
- 9.3 Analiseer TWEE uitdagings om saam met ander mense te werk. (4)
- 9.4 Verskaf praktiese wenke wat volgende jaar se graad 12-leerders sal help om vir die dag van hulle finale praktiese eksamen-optrede/-vertoning of -aanbieding voor te berei. (6)
- 9.5 Bespreek hoe die analise van die \*gegewe omstandighede van die opvoering/film jou begrip van die visuele wêreld wat op die verhoog OF in 'n film geskep word, gehelp het.
- Gee voorbeelde om jou antwoord te ondersteun.
- \*Gegewe omstandighede is die seisoen, geografiese omgewing, dramatiese situasies van karakters, datum, tyd, ens. van 'n dramatiese item/toneeltekst. (8)
- 9.6 Daar is deesdae 'n hele aantal innoverende vorms van vermaak beskikbaar. Dit sluit in YouTube-video's, Straatteater, rekenaarspeletjies, films (op TV/Netflix of in die rolprentteater), ens.
- Kies enige EEN van hierdie vorms wat jou aantrek en lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die dramatiese vaardighede en tegnieke wat gebruik is. (8)
- 9.7 Bespreek die uitdagings wat sommige leerders kan ervaar om toegang te kry tot drama- en teaterproduksies, en hoe die beskikbaarheid van tegnologie (selfone, slimfone, die internet, ens.) kan help om hierdie uitdagings te oorkom om te verseker dat almal na dramaproduksies kan kyk. (8)

**TOTAAL AFDELING D: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**